# Die Terughoudende "Briefgesprek"

*Elsabé Brink*
Johannesburg

By die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) in 2005 het oop gesprekke met enkele Afrikaanse literati, wat vir anderhalfuur met mekaar in gesprek oor onderwerpe in die Afrikaanse letterkunde getree het, deel van die program uitgemaak. Skrywers het onder leiding van ŉ gespreksleier gemaak gemaklik voor ŉ gehoor van sowat dertig tot veertig mense begin gesels. Dié het kaartjies gekoop om hulle gunsteling skrywers in lewende lywe oor hulle eie werk en allerlei letterkundige onderwerpe te sien gesels. Somtyds het die lyftaal van skrywers, waar

hulle op die verhoog gefotografeer is,verklap dat hulle nie al te gelukkig met hierdie “informele” oop gesprek was nie.

Hierdie prentjie het iets in gemeen met die “gesprek” op papier tussen professore Henning van Aswegen en Pieter Kapp in hulle nuwe boek. Op versoek van professor Grietjie Verhoef van die Departement Historiese Studies van die Universiteit van Johannesburg (UJ) – die voormalige RAU – het hulle met die oog op toekomstige publikasie tussen Januarie en Junie 2002 hulle gedagtes rondom die tema “Verandering en Vernuwing in Geskiedenisbeskouing” op papier gesit en aan mekaar gestuur. Die eindresultaat is die boek wat pas verskyn het.

Soos die literati by die Kunstefees, was beide Van Aswegen en Kapp vermoedelik ook bewus van hulle gehoor, oud-kollegas en oud-studente op al die kampusse waar hulle tydens hulle loopbane gewerk het, asook hopelik ŉ breër publiek wat in die onderwerp sou belangstel. Die twee geskiedkundige tydgenote was aan die Universiteit van Stellenbosch (US) en die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) verbonde, beide as studente en as leerkragte. Van Aswegen het ook etlike jare aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat klasgegee.

In hulle skrywes kom beide historici meermale bewus van die openbare forum waarvoor hulle skryf voor. Dit blyk duidelik dat hulle versigtig met veral hulle eie loopbane en hulle oud-kollegas omgaan. Hulle skryf dikwels só dat wat hulle te sê het, nie sal aanstoot gee nie. Hulle kommentaar oor hulle studies aan die US onder P.J. van der Merwe van trekboer-faam spreek hiervan. Alle studente wat onder die US se Geskiedenis Departement deurgeloop het (myself inkluis, voordat verveling my die vak laat vaarwel toeroep het), het geweet dat Van der Merwe onder studente die bynaam “Piet Vark” gehad het. Al die studente het in vrees en bewing geleef vir die sware dag van Geskiedenis III as Van der Merwe begin klasgee het. Beide professore het by hom klasgeloop en is bra versigtig in hulle evaluering en bespreking van hom en van die departement. Vir die buitestaander lyk Van Aswegen se vraag aan Kapp of sy kritiek op die departement nie “te skerp” was nie, dalk onnodig (p 27). ŉ Mens sou graag meer wou weet oor die man agter die bynaam en die trekboere. In laasgenoemde verband noem Van Aswegen hoe hulle as honneursstudente net een keer vir professor Van der Merwe kon oortuig om oor sy eie werk te praat. Eerder as om hierdie ervaring in geur en kleur met sy lesers te deel, sê Van Aswegen net, “Dit was ŉ belewenis” (p 16).

Insgelyks vertel Kapp van ŉ ander kleurryke geskiedkundige, professor Floors van Jaarsveld, saam met wie hy aan die RAU gewerk het. Hy prikkel die leser se nuuskierigheid met ŉ kriptiese, "Floors se mentaliteit het gewissel tussen borrelende Afrikaneridealisme en donker pessimisme en kritiek" (p 44), sonder om verder hierop in te gaan.

Beide professore is skugter om oor hulle eie lewens – die menslike sy – te gesels. Kapp noem byvoorbeeld die besondere ontvangs van sy familie in die "ongenaakbare stad" Johannesburg, maar gee geen besonderhede nie, buiten om te noem dat hulle as nuwe lektore in universiteitshuise in Aucklandpark, waar die nuwe universiteit sou verrys, gehuisves is (p 42). Hierdie verwysings wat die leser se nuuskierigheid prikkel, sou aangespreek kon word as die gespreksgenote nie aan hulle lot oorgelaat was nie. Die aktiewe deelname van ŉ onderhoudvoerder of gespreksleier sou die gespreksgenote in verdere diepte kon pols oor belangrike of interessante sake soos hierdie.

In hierdie opsig val die gesprek en dus ook die boek tussen twee stoele. Aan die een kant neig dit na ŉ stuk institusionele geskiedenis, veral wanneer die gesprekvoerders die opset en organisasie van die departemente waar hulle werksaam was, bespreek. Gebruiklike konvensies van ŉ tradisionele geskiedenis, naamlik bronne en voetnote, ontbreek. Dit beperk die nut van die gesprek vir verdere navorsingsdoeleindes. Aan die ander kant is daar die gebrek aan ŉ gespreksleier. So ŉ derde persoon kon die gespreksgenote lei om gestruktureerd oor sekere kwessies te gesels, hulle pols vir breedvoeriger beskrywings of meer agtergrond, of bloot sê: "En toe, wat het toe gebeur?" In hierdie opsig kan die gesprek ook nie bevredigend as mondelinge geskiedenis geëvalueer of gebruik word nie. Lesers of voornemende gebruikers struikel telkemale oor die terughoudendheid van die gespreksvoerders. Kapp se kriptiese kommentaar oor die rasionalisasieproses in die Departement Geskiedenis op Stellenbosch is tergend:

> Die drama van die vulling van die pos wat daarna afgespeel het, en hoe die proses van rasionalisering verloop het, het ek behoorlik gedokumenteer in ŉ geskrif uiteengesit, wat eers na my dood beskikbaar sal wees (p 108).

Die boek sou kon dien as ŉ primêre verwysingsbron vir geskiedkundiges, maar aangesien die twee gespreksgenote so versigtig en opsommenderwys met mekaar gesels en net skrams na mense en gebeure verwys, is daar ongelukkig nie veel stof wat in hierdie verband bruikbaar

is nie. Hierdie "briefgesprek" het nie die onbevangenheid van 'n spontane briefwisseling of informele gesprek waarin daar gewoonlik geen selfsensuur toegepas word nie en wat nie uit die staanspoor vir publikasie bedoel word nie. Hier is sprake van outobiografie waarin skrywers selfsensuur toepas en self selekteer wat hulle uit hulle lewens met hulle leserspubliek wil deel, of nie.

Die gesprek tussen die twee geskiedkundiges verloop chronologies oor hulle jeug, hulle studentejare, die akademie en beskoudinge oor "Die gesprek met die verlede". In die opsig is die titels wat die twee gespreksgenote vir hulle onderskeie bydraes gekies het, prikkelend, veral dié van Kapp. Sy titels veronderstel 'n soeke na visie – "Oog van 'n naald", "Die derde oog" en die slotstuk genaamd "Verwagtinge en visie". Die eerste titel verwys na die Bybelse verhaal van die ryk jongman, die tweede roep die Boeddhistiese derde oog op. Dit is die oog van insig wat altyd op die voorhoof van die godheid voorgestel word. Dit is ook 'n simbool van die menslike vermoë tot intuïtiewe insig of voorkennis. Die laaste titel suggereer 'n progressie na uiteindelike begrip en kennis.

Die gesprek sou egter meer sinvol gelees kon word, sou 'n gedetailleerde *curriculum vitae* van elke gespreksgenoot voorsien word. So 'n verwysingsraamwerk wat die gespreksgenote se omswerwinge in die land saamvat en hulle publikasies weergee, sou die leser beter rigting deur die gesprek heen kon gee. Die opsomming van Van Aswegen en Kapp se belangrikste werke in die inleiding, prikkel weer eens nuuskierigheid. Daar word kortliks gesê dat beide wyd in vaktydskrifte gepubliseer het en ook aan ander ongenoemde publikasies meegewerk het (p vii). Selfs 'n lys van titels van artikels sou aan die leser 'n beter begrip vir die omvang van die belangstellingsvelde van die twee geskiedkundiges kon gee, asook hoe hulle belangstellingsvelde oor die jare verander het.

In sekere gevalle word kennis aan die kant van die leser veronderstel wat sal ontbreek indien die leser nie bewus van die instellings of die kollegas is waarna verwys word nie. In dié opsig sou 'n verklarende voetnoot of bloot 'n *dramatis personae* aan die einde van die boek die buitestander se oningeligtheid of onbeantwoorde vrae kon aanspreek.

Binne die beperkinge van 'n oop gesprek is dit frustrerende leesstof vir die "nie-binnekring" leser en die navorser. Enersyds word belangstelling deur prikkelende opmerkings gewek. Andersyds, vanweë ontbrekende inligting, kan die leser of navorser se vrae nie altyd

bevredigend beantwoord word nie. Die gespreksgenote is ook nie ŉ maklike taak opgelê om binne sowat ses maande (van Januarie tot Junie 2002) van hulle vak Geskiedenis bestek op te neem en dit bondig in 120 bladsye weer te gee nie. Tog werp hierdie "briefgesprek" lig op die laaste dekades van die twintigste eeu, nie net binne die vakgebied Geskiedenis nie, maar ook wat die land se geskiedenis betref.